Sterftedekking vir lede sonder gade en kinders

Tans bied Stellenbosch University Retirement Fund (SURF) aan alle permanente lede by afsterwe in diens 'n gade- en kinderpensioen. Die voordeel bied aan die kwalifiserende gade* 'n lewenslange pensioen van 35% van die lid se pensioendraende vergoeding. Kwalifiserende kinders** (maksimum drie kinders) ontvang 'n pensioen van 10% van die lid se pensioendraende vergoeding. Daar word egter altyd 'n minimum voordeel van twee maal die werknemer se pensioendraende vergoeding uitbetaal.

Vanaf Januarie 2018 bied SURF lede sonder 'n gade en kwalifiserende kinders die keuse om nié hierdie versekerde sterftevoordeel in die Fonds te ontvang nie. Lede wat dié keuse uitoefen, moet **deur middel van die verklaring op die volgende blad bevestig** dat hulle ongetroud is en geen kwalifiserende kinders het nie. Sodanige lede kan dan kies om opsionele dekking van twee keer hulle pensioengewende salaris deur die vrystaande, nie-goedgekeurde skema te neem.

Lede wat bostaande keuse uitoefen en in 'n later stadium wél trou en/of kinders kry, sal weer na die versekerde sterftevoordeel in die Fonds moet terugkeer om die gade en/of kinders 'n pensioen by die lid se afsterwe te bied. Indien u status verander en/of u enige verdere inligting verlang, kontak asseblief die Menslike Hulpbronne Klientedienssentrum (021 808 2753 of sun-e-hr@sun.ac.za).

Hierdie dokument dien as 'n amptelike opdrag aan die Fonds in verband met u keuse om dié versekerde sterftevoordeel in die Fonds te skrap.

Lid se persoonlike besonderhede				
Volle naam en van				
US-nommer				
Kontaknommer	Kantoor		Selfoon	
E-posadres				

* Gade – Getroud volgens die Huwelikswet, die Wet op Erkenning van die Gebruiklike Huwelike en die Wet op Siviele Verbintenisse oflewensmaat met wie lid reeds minstens 6 maande saambly, ens.

**Kwalifiserende kinders – afhanklik, aangeneem, jonger as 18 jaar, of 24 indien kind voltyds studier

Ek verklaar hiermee soos volg:	
✓	Ek het geen gade en kwalifiserende kinders nie.
✓	Die inligting wat ek hierin verskaf, is waar en korrek.
✓	Ek vrywaar en stel die Universiteit Stellenbosch, sy werknemers, sy verteenwoordigers,die Stellenbosch University Retirement Fund (die Fonds) en die trustees van die Fonds skadeloos (d.w.s. ek sal alle aanspreeklikheid/verantwoordelikheid aanvaar) teen enige eis of aanspreeklikheid (insluitend maar nie beperk nie tot skade voortspruitend uit verlies van inkomste, verlies van wins, verlies van verwagte besparings of enige toevallige of voortspruitende skade) wat ek, my boedel, erfgename of enige derde party kan hê voortspruitend uit my keuse van sterftedekking, ongeag of sodanige eis of eise deur die nalatigheid van enige persoon of weens enige ander oorsaak ontstaan het.
✓	Ek verstaan dat ek die verantwoordelikheid dra om SURF in kennis te stel sodra my status verander (met ander woorde, indien ek in ’n later stadium trou en/of kinders kry), sodat ek na die versekerde sterftevoordeel in die Fonds kan terugkeer.

HANDTEKENING VAN LID **DATUM**